**12 September**

**Moenie bang wees nie – vertrou op die Here!**

**Skrifgedeelte: Deuteronomium 31**
**Fokusgedeelte: Deuteronomium 31:6-7**

Hoe lyk die lewenspad vorentoe? Dit was die vraag wat Israel gekwel het voordat hulle die beloofde land in besit sou neem. Hulle moes 'n vreemde land gaan inneem. Alles was nog dieselfde as 40 jaar gelede toe die verspieders gesê het dat dit onmoontlik is om die land Kanaän in besit te neem (Num 14:32,33). Dieselfde omstandighede wat destyds so oorweldigend was dat die almag van die Here nie daarteen opgewasse gelyk het nie, bestaan steeds. Nou moet hulle nog sonder Moses, hulle leier, gaan! Om hulle te bemoedig, kom Moses met hierdie troosboodskap in Deut 31:6-7. Hulle hoef nie bang te wees nie, want die Here gaan saam met hulle. Hulle kan vol moed wees.

Ons as die Nuwe-Testamentiese verbondsvolk maak ook dikwels soos die volk Israel. Wanneer ons oor die toekoms dink, sien ons maklik net donkerte en probleme voor ons. Dan word ons ook bang. Ons huiwer en vra: “Hoe sal ons die toekoms ingaan?”

Daar is vir ons net een sekerheid – die Here gaan in die toekoms ook daar wees. Hy het belowe dat Hy al die dae van ons lewe, tot aan die voleinding, by ons is (Matt 28:20). Ons hoef dus nie die toekoms te vrees nie. Ons kan vol moed en dapper die toekoms ingaan. Hy wat by ons is, ken ons en Hy het ons op die naam geroep. Ons behoort aan Hom (Jes 43:1).

As gelowiges kan ons dus ons oë rig op Jesus Christus, die Begin en Voleinder van die geloof. Ons kan met krag en moed, sonder om geestelik moeg te word, die toekoms tegemoet stap (Heb 12:1-3).

*Sing: Psalm 146:8*

*Dr. D Lartz (Edenvale)*